GRAAN

CULLERS, DIE KLEIN SOJAKONING

Mnr. Kip Cullers van Missouri in Amerika, wat met drie wêreldopbrengsrekords met sojabone en sewe Amerikaanse rekords met mielies spog, is inderdaad die sojakoning. Hy het sy geheime op 'n internasionale sojaboon-navorsingskonferensie in Durban verklap (17 Mei).

Cullers het in 2006 sy eerste wêreldrekord met sojabone opgestel toe hy 'n opbrengs van 9 348 kg/ha behaal het. Hy het dit in 2007 tot 10 357 kg/ha verbeter en dit in 2010 tot 10 800 kg/ha opgeskuif. Dit was op 'n land wat hy konvensioneel bewerk en besproei.

Hy verbou 1 600 ha mielies en 240 ha sojabone in sewe verskillende distrikte en in sy tuisstaat tree hy op as bestuurder vir 'n verdere 2 400 ha mielies vir 'n Nieu-Seelandse melkmaatskappy. Sy hoogste opbrengs met mielies is 23 370 kg/ha. Hy sny jaarliks ook 1 000 ha mielies vir kuilvoer.

Cullers is gewild as spreker en tree oral in Noord- en Suid-Amerika op boeredae en simposiums op. Een keer het hy 'n driedaagse boeresaamtrek op sy plaas gehou wat deur 1 800 boere bygewoon is. Sy besoek aan Suid-Afrika het saamgeval met 'n groot veldtog deur die Proteïennavorsingstigting (PNR) om groter stukrag aan die verbouing van sojabone hier aan die suidpunt van Afrika te verleen.

Suid-Afrika moet elke jaar baie diereproteïene invoer omdat plaaslike boere nie genoeg van die gewasse verbou wat as dierevoeding dien nie. Dit sluit sojabone in. Daarom was die Amerikaner se besoek goeietydsberekening deur mnr. Gerhard Scholtemeijer, die voorsitter van die PNS. Suid-Afrika beoog om sy sojaboon-aanplantings teen 2020 tot 'n miljoen hektaar te verhoog wat dan 2,5 miljoen ton sojabone kan oplewer.

Cullers het so te sê kultusstatus in sy land verwerf. Mnr. Matt Blunt, 'n vorige goewerneur van Missouri, het op 'n keer na hom verwys as die sojaboonbedryf se Babe Ruth, die legendariese Amerikaanse bofbalspeler. Cullers beskryf homself egter eerder as 'n "onkundige takhaar". - CHARL VAN ROOYEN



BO: Mnr. Kip Cullers met 'n sojaboonplant in sy tuisstaat, Missouri in Amerika. FOTO: VERSKAF